**13 Maart** **Skrifgedeelte: Johannes 3:16-21**
**Fokusgedeelte: Johannes 3:16**

## Die ware liefde

Dit is Maandag vandag en die week lê voor. By baie is daar ’n knop op die maag van spanning. Vir sommige voel die week soos ’n berg wat voorlê. Johannes 3:16 bring so ’n wonderlike kalmte in ons lewens as ons hoor dat God sondaars so onbeskryflik liefgehad het dat Hy bereid was om sy enigste Seun te gee sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal ontvang.

Hierdie vers open nuwe perspektiewe. Dit gaan om baie meer as ’n moeilike week wat voorlê. Dit gaan om baie meer as ek wat moedeloos of terneergedruk voel. Dit gaan om God se onbeskryflike liefde en genade in my lewe, om sy Seun Jesus Christus wat al my sorge en skuld op Hom geneem het. Dit gaan om die ewige lewe in sy volmaaktheid en heerlikheid. Dit is ons genadige deel en hierna verlang ons. Dan is ’n moeilike week wat voorlê niks in vergelyking hiermee nie.

Onthou, God het die hoogste prys betaal sodat ons verlos kon word. Hy het sy enigste Seun gegee om in ons plek te sterwe sodat ons tot in ewigheid kan lewe. Dit is ware liefde! Iets van hierdie liefde moet vandag uit jou lewe uitstraal, iets van hierdie selfprysgewing teenoor ander.

*Sing: Skrifberyming 4-6* *Ds. Pieter van der Walt (Bethlehem)*